Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Lewe in ooreenstemming met die evangelie van Christus. Fil. 1:27

30 Maart 2025

09:30 OGGENDDIENS: Ds Piet Venter

Wanneer gelowiges swaarkry en ernstige probleme in die oë staar, dan is dit nodig dat ons die "eenvoudige" waarhede van God se beloftes moet onthou. Midde ingewikkelde probleme en uitdagende tye soek ons na ingewikkelde antwoorde want ons glo dinge kan nie so eenvoudig wees en maklik opgelos word nie.
In ons soeke na antwoorde verras God ons dan met "eenvoudige" oplossings! Oplossings wat dikwels moeilik is om te glo en tog is dit juis hoe God in ons lewe werk.

Tema: Die Here sorg vir ons.

Lofsang met die oog op die erediens:
Lied 203: 1, 2, 3; Lied 188: 1, 2, 3; Ps 147 – 1: 1, 3, 5 (eerste melodie).

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb. 1 – 6: 1,2; Votum; Seën;
Lofsang: Ps. 146 – 1: 1, 4 ,5; Geloofs-belydenis: HK Sondag 10

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eksodus 20; Sing Ps. 111 – 2: 1, 4; Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: 1 Konings 17;
Teks: 1 Konings 17: 2,14,21 - 24;
Sing : Lied 577: 1, 2, 3; Woordbediening.

Antwoorddiens
Dankgebed; Liefdegawes (beide kollektes vandag vir ons eie Diakonie); Sb 14 – 2: 1; Seën; Amenlied Sb. 13 - 1.

GEEN AANDDIENS

MEELEWING

- Sanet Ras is Dinsdagnag oorlede na 'n lang siekbed. Ons bid haar familie en vriende die troos van die Here toe. Die troosdiens vind op Saterdag 5 April om 11:00 uit ons kerkgebou plaas.
- Hannelie Pieters was die week in MooiMed opgeneem vir toetse en sterk tuis aan.
- Evelyn Schutte se kleinkind wat so baie siek is, is geopereer en haar milt is verwyder. Sy sterk aan in intensiewe sorg in Johannesburg. Die operasie was 'n sukses gewees en die bloedtelling is reeds grootliks herstel.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianna Kruger en Marianna du Plessis.

BAIE GELUK EN BAIE STERKTE

Dewald Coetsee neem deel aan die SA Junior geslote skaakkampioenskappe vanaf 31 Maart tot 5 April in Somset-Wes! Baie sterkte vir jou Dewald, ons is saam baie trots op jou.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenderediens
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie
Tee en Koffie
Geen Aanddiens

AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks en Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Emeritusfonds
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 3 en 4.

NAME VAN OUDERLINGE VIR GOEDKEURING DEUR GEMEENTE VOORGEHOU

Die volgende name word aan die gemeente voorgehou vir u goedkeuring om te dien in die diens van

Ouderlinge: Danie de Waal, Kobus du Plessis, Hendrik Naudé, Johan van Rooyen.
Diakens: Johannes van As, Zanro de Beer, Heinrich de Kock, Kobus Venter.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 30 Maart
Br Thys Botha
Sr Sonja Botha
Br Kobus du Plessis
Sr Nicolize Venter

Maandag, 31 Maart
Br Eddie Coetsee
Sr Rina Coetzee
Sr Bettie Niemand*

Woensdag, 2 April
Sr Yolandi Haasbroek

Donderdag, 3 April
Br Sam Bezuidenhout*

Saterdag, 5 April
Jsr Grizelda J v Rensburg
Jsr Zandri J v Rensburg

* Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

ONS BREI WEER MUSSE!

Ons benodig dames wat weer kan help musse brei vir die winter. Daar is wol beskikbaar by Corrie du Plessis - kontak haar gerus!

GKSA NUUS

Beroepe ontvang
- Ds PF (Peter) Venter van GK Hoëveld na GK Alberton-Wes.
- Dr G (Griffel) van Wyk van GK Rustenburg na GK Kameeldrift.
- Proponent QG (Quintin) Venter na GK Delmas.

Beroepe bedank
Ds PF (Peter) Venter van GK Hoëveld na GK Alberton-Wes.

KO art 11 aansoek
Klassis Lydenburg gee hiermee aan die kerkverband kennis dat Ds MJ (Thys) Lourens om gewigtige redes eervol oorgegaan het na ’n ander staat van die lewe. Die klassis, saam met die artikel 49 deputate van die Oostelike Streeksinode het hierdie weg bewillig.
Ds MJ (Thys) Lourens is dus nie langer ’n bedienaar van God se Woord nie.
Ons bid vir ds. Lourens, sy vrou Karen en drie kinders MJ, CJ en Michaela die seën van ons Here toe op die pad vorentoe.

SUSTERS

"'N KNAP VROU IS BAIE WERD, BAIE MEER AS EDELSTENE." – SPREUKE 31

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee, koffie en sap word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Lorette Bester en groep 5, Estelle v Hamburg en groep 13, Em Volschenk en groep 23, asook Engela vd Walt en groep 31.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK

Turkstra
BAKKERY
Rooi Windpompsentrum,
Retiefstr. 61, langsaan Chubby Chick Outlet.
Telnr: 018 523 0111

The Views Lifestyle Centre
Klinkenbergstraat, van der Hoffpark
Potchefstroom
Telnr. 087 527 0029
Veilige parkering
ONS BAK MET PASSIE/WE BAKE WITH PASSION

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.
Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: **Adele – 067 713 2332 - nommer het verander!**/ kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos	**Diakonie**	**Susters (Nuwe rek)**
ABSA Bank	ABSA Bank	FNB
Tjekrek: 670 340 066	Tjekrek: 670 280 160	Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 632-005	Takkode: 632-005	Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch